

Gereformeerde Kerk Bellville – 2 Oktober 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 73:11, 12 (p. 369)

- 11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aardeⁱⁿ kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bittersmart / of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my eewige goed.
- 1 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
- 2 U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 66:1, 2 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

Gebed

Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te^oontvang
en oop te breek – die boek van toekoms en verlede
en van wat word, geskryf van Gods verborgenhede.
U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het,
waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het
en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose^oewighede.

Skriflesing: Lukas 15:1-2, 11-32; Heidelbergse Kategismus, Sondag 1:1, 2

Kernvers: Lukas 15:24

Want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind.
(Lukas 15:24 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

Antwoord: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (a) nie aan myself (b) nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort (c). Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal (d) en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos (e). Hy bewaar my op so 'n wyse dat, sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my

kop kan val nie (g). Alles moet inderdaad tot my saligheid dien (h). Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe (i) en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe (j).

(a) Rom 14:8. (b) 1 Kor 6:19. (c) 1 Kor 3:22; Tit 2:14. (d) 1 Pet 1:18, 19; 1 Joh 1:7; 1 Joh 2:2, 12. (e) Heb 2:14; 1 Joh 3:8; Joh 8:34-36. (f) Joh 6:39; Joh 10:28; 2 Tess 3:3; 1 Pet 1:5. (g) Matt 10:30; Luk 21:18. (h) Rom 8:28. (i) 2 Kor 1:22; 2 Kor 5:5; Efes 1:14; Rom 8:16. (j) Rom 8:14; 1 Joh 3:3.

Vraag 2: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?

Antwoord: Drie dinge (a): Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is (b); ten tweede, hoe ek van al my sonde en ellende verlos word (c) en ten derde, hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees (d).

(a) Matt 11:28-30; Efes 5:8. (b) Joh 9:41; Rom 3:10; 1 Joh 1:9, 10. (c) Joh 17:3; Hand 4:12; 10:43. (d) Efes 5:10; Ps 50:14; Matt 5:16; 1 Pet 2:12; Rom 6:13; 2 Tim 2:15.

Tema: Christen, ken jy die waarde van jou verlossing?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, goedere soos kos en klere het alles 'n prys. Deesdae is dit omtrent al waarvoor mense gesels wanneer dit kom by inkopies doen. Daar word gepraat oor hoe duur die goed geword het en hoe min jy vir dieselfde geld kan kry in vergelyking met die vorige maand. Diegene van ons wat 'n beroep het in ekonomie sal kan verduidelik dat die prys te doen het met vraag en aanbod. Hoe meer daar van iets is, hoe minder word daarvoor gevra. Hoe skaarser iets word, hoe duurder word die artikel.

Dit is maklik om die waarde van goedere te bepaal. Maar hoe bepaal 'n mens die waarde van 'n mens? Hoeveel is 'n mens se lewe werd? In Psalm 49 lees ons hierdie woorde:

Niemand kan ooit 'n broer loskoop nie; hy kan aan God sy losprys nie gee nie, want die losprys van hulle lewe is te kosbaar en vir ewig ontoereikend, dat hy vir ewig sou voortlewe, die vernietiging nie sou sien nie. (Psalm 49:8-10 AFR53)

Dit is eintlik vir ons onmoontlik om te bepaal hoeveel 'n mens se lewe werd is. Ja, die mense wat God nie ken nie sal maklik vir jou sê dat 'n mens se lewe soveel werd is as wat hy tot die ekonomie van die land kan bydra. Dit is oor hierdie aardse manier van dink oor mense se lewens dat ongeboore babatjies sommer deur aborsie gedood kan word en bejaarde mense eenkant toe geskuif word waar hulle uit die pad is.

Broers, susters en kinders, die tema van hierdie preek is 'n vraag aan elkeen wat bely dat hy in Christus glo. Die vraag is: Christen, ken jy die waarde van jou verlossing? In die tweede vraag van ons Kategismus hoor ons daar is drie dinge wat 'n mens moet weet om salig te kan lewe en sterwe. Jy moet weet hoe groot jou sonde en ellende is. Jy moet weet hoe jy van jou sonde en ellende verlos kan word. En in die derde plek moet 'n mens weet hoe

'n mens vir God dankbaar kan wees vir so 'n verlossing.

Na aanleiding van die derde deel van die antwoord moet 'n mens mos aan 'n Christen se lewe kan sien dat hy dankbaar is vir die verlossing wat hy ontvang het. Sy dankbaarheid vir die verlossing behoort duidelik te word in die liefde wat hy vir God het en die liefde wat hy vir sy naaste het. Met ander woorde, 'n Christen moet tussen ander mense uitgeken kan word aan sy gehoorsaamheid aan die Here en sy gebede tot die Here omdat hy die Here liefhet.

As 'n Christen se lewe dan maar weinig tekens van dankbaarheid teenoor die Here

vertoon, beteken dit mos dat hy nie meer die waarde van sy verlossing goed besef nie. En omdat hy nie meer besef hoeveel sy verlossing werd is nie, het hy ook vergeet hoe groot sy ellende en sonde is waaruit hy sê die Here hom gered het. Mense sê dat jy eers regtig weet hoeveel iets vir jou werd is wanneer jy dit verloor het.

Die jongste seun van die pa in ons gelykenis het eers besef hoe goed dit met hom gegaan het toe hy nie meer die geld gehad het wat hy van sy pa geërf het nie. Eers toe hy honger en verslete tussen die varke gesit het, het hy besef wat hy gehad het maar nie waardeer het nie. Hierdie ellende van hom het begin toe hy op daardie gewraakte dag die ding in sy kop gekry het dat hy sy eie baas wou wees.

Hy wou nie meer iemand hê wat oor sy skouer loer en vir hom voorsê wat hy moet doen nie. Daarom het hy vir sy pa sy deel van die eiendom wat hom toekom gevra. Maar ook dit wat hy so van sy pa geërf het, was nie vir hom veel werd nie. Sonder om twee keer daarvoor te dink, het hy alles verkoop en met die geld wat hy gekry het is hy daar weg na 'n ver land toe. Nou het hy gedink hy is vry en kan maak soos wat hy wil. In daardie ver land is daar mos niemand wat hom ken nie en niemand wat vir hom gaan sê wat hy moet doen en nie mag doen nie.

In elke mens is daar hierdie verlange en begeerte om sy eie baas te wees. Die mens wil vir homself besluit wat hy met sy lewe wil maak. Hoeveel keer het 'n pa en 'n ma nie hulle kind al gehoor sê: Ek is groot en oud genoeg om te weet wat ek kan doen en mag doen. En in die tussentyd weet pa en ma dit is nie heeltemal waar nie.

Mense dink en wens en verbeel hulle hulle is hulle eie baas. Inderwaarheid is dit maar net wensdenkery en verbeelding. Die mens was nog nooit en sal ook nooit sy eie baas kan wees nie. In Psalm 24 sê die Heilige Gees vir ons dat die aarde en alles wat op die aarde is aan die Here behoort. Dit beteken dat die mens eintlik ook aan die Here behoort omdat Hy die Skepper van alles is. As ek iets maak, is dit mos myne totdat ek dit aan iemand anders gee of verkoop.

Die eerste twee mense wat die Here geskep het, was dus ook nie hulle eie baas nie. Hulle het aan God behoort omdat Hy hulle geskep het. Maar hulle was nie teësinig oor die Here se heerskappy oor hulle nie. Hulle het God gewillig en volkome liefgehad, want God was meer as hulle Skepper. Hy was ook hulle Vader en hulle het Hom volkome liefgehad.

Daar het ongelukkig ook in hierdie eerste twee mense se lewens 'n gewraakte dag aangebreek. Eintlik het hierdie ongelukkig dag in die hele mensdom se bestaan aangebreek, want alle mense stam van hierdie eerste twee mense af. Die eerste twee mense het hulle deur die duiwel laat wysmaak dat God se heerskappy wat hulle tot in daardie stadium sonder enige teësprak aanvaar en waardeer het nie so goed vir hulle twee was nie. Hulle het hulle laat oortuig dat die Here eintlik iets van hulle weerhou. Hulle kan baie beter wees as wat hulle was – hulle kan soos God wees deur goed en kwaad te ken.

Die werklikheid is dat die mens nie beter geword het as wat hy was nie. Hy het slegter geword as wat hy was. In plaas daarvan dat hy 'n dienskneg en kind van die Here gebly het, het hy 'n slaaf van die sonde en die duiwel geword. Dit is waarna daardie woorde *heerskappy van die duiwel* in die eerste antwoord van ons Kategismus verwys – na die mens se slawerny aan die sonde en die duiwel en nie na die mens se eie baas wees oor sy lewe nie.

Die duiwel trek die mens tot vandag hierdie selfde streep . Die mens glo hom nou net makli-ker as wat die eerste twee mense hom geglo het. Mense het steeds hierdie wensdenkery en verbeelding dat hulle hulle eie baas kan wees. Dit is met hierdie wensdenkery wat die jongste seun van sy ouerhuis af weg is na die ver land.

Aanvanklik het dit vir hierdie jong man gelyk asof hy regtig nou sy eie baas is. Hy het meer as genoeg geld gehad, of so het hy gedink. Omdat hy gedink het hy is sy eie baas het, het hy die een partytjie na die ander gehou en bygewoon. Hy het met 'n losbandige lewe alles wat hy gehad het verkwis. Van werk was daar glad nie sprake nie, want hy het mos geld en hy kan mos maak soos hy wil.

En kyk nou hoe 'n wrede baas die duiwel en die sonde is. Net toe hy alles wat hy gehad het deurgebring het, het daar 'n swaar hongersnood in daardie land gekom. Hierdie jong man het nog vrolik aangegaan en toe hy sy oë uitvee, is die geld op, die vriende wat saam jolyt gehou het is weg, hy word 'n slaaf van iemand anders en die baas gee ook nie vir hom om nie. Hy moet varke oppas en hy sien hoe lekker die varke aan die peule vreet, maar niemand gee vir hom daarvan om sy hongerpyne te stil nie.

Eers daar het hy tot sy sinne gekom en besef wat hy aangevang het. Hy het 'n lewe van kind wees van sy pa verruil vir 'n lewe van swaarkry en hongerte. Sy pa se slawe is baie beter daaraan toe as wat hy is. Hulle het elke dag oorfloed kos en hy vergaan van die honger. Maar die belangrikste ding wat hy besef het, is dat hy teen God en teen sy pa gesondig het. Hy het geweet hoe groot sy ellende en sonde is en hy het geweet waarheen hy moes gaan om uit hierdie ellende te kom en wat hy moes doen. Hy moes teruggaan na sy pa toe en sy skuld teenoor die Here en sy pa bely en om vergifnis smee. Na wat hy aangevang het, weet hy dat hy nie eers geregtig is op enigiets by sy pa nie.

In vergelyking met wat die Here Jesus in hierdie gelykenis van die jongste seun vertel, is die mens teenoor God nog slegter daaraan toe. Omdat die mens in sonde ontvang en gebore is, weet hy nie eers dat hy 'n slaaf van die sonde en die duiwel is nie. Die ongelowige mens verkeer onder hierdie valse indruk dat hy sy eie baas is. Die duiwel karring ook nie verder aan so 'n mens nie, want hy is klaar op die glybaan wat uiteindelik in die ewige dood kan eindig. En ja, watter swaarkry so 'n ongelowige ook al tref, die duiwel is nie daarvoor besorg nie. Hy wil maar net nie hê dat daardie mens die Here sal eer nie.

Maar dit is nie waarvoor die Here die mens geskep het nie. Hy het die mens nie geskep om teen Hom in opstand te wees en uiteindelik as gevolg van sy opstand vir ewig verlore te gaan nie. Daarom het God sy eniggebore Seun gestuur om mense te verlos. Dit is nie omdat die mens geregtig is op verlossing dat die Seun van God mens geword het nie. Hy het dit gedoen omdat Hy die mense innig jammer gekry het en Hy mense wil hê wat Hom dien en eer omdat die Heilige Gees hulle weer gewillig en bereid maak om vir Hom te lewe.

Daar is Christene wat nie elke dag goed besef dat Jesus Christus hulle uit hierdie ellendige toestand van slaaf wees van die duiwel met sy kosbare bloed losgekoop het nie. Die Here het dit in sy genade vir hulle beskik om uit gelowige ouers gebore te kon wees. En sonder dat daar 'n groot uiterlike verandering aan hulle lewens gekom het, het die Heilige Gees met die Woord van die Here aan hulle die wedergeboorte geskenk. Deur die onderrig van hulle ouers uit die Woord het die Heilige Gees mettertyd aan hulle die geloof geskenk sodat hulle kon glo dat Jesus hulle Verlosser is.

Daar is egter ander Christene wat nie die voorreg gehad het om gelowige ouers te gehad

het nie. Of hulle het miskien gelowige ouers gehad, maar die Heilige Gees het nie so stilweg aan hulle die wedergeboorte geskenk soos aan ander nie. Nee, hulle het self 'n merkbare verandering beleef toe die Heilige Gees aan hulle die wedergeboorte geskenk het. Hulle kan duidelik vir jou vertel van die verskil van hulle lewe van vroeër en hulle lewe van nou as Christene.

Maar Christen, of die Heilige Gees jou bewustelik tot bekering gebring het en of Hy jou stilweg weergebore het, maak nie saak nie. As jy weergebore is en in Jesus Christus glo, behoort jy met liggaam en siel in lewe en in sterwe aan Jesus Christus. Hy het jou verlos deur al jou skuld by God ten volle te betaal met sy kosbare bloed. Besef jy hoeveel jou lewe vir die Here werd is. Christen, jy is onberekenbaar kosbaar vir die Here, nie omdat jy so 'n oulike mens is nie, maar omdat Christus met sy heilige en volmaakte lewe vir jou lewe betaal het. Die Christen is nie meer slaaf van die duiwel nie, maar eiendom van Jesus Christus.

Dink net watter heerlike troos het hierdie jongste seun beleef toe sy pa hom op die daad vergewe het en hom weer as sy eie seun in sy huis ontvang het. Sy pa kon hom soos 'n sleg hond weggejaag het, want hy het eintlik sy pa dood gewens toe hy sy erfporsie gevra het. Sy pa kon hom slegter as 'n slaaf behandel het, want hy verdien nie eintlik meer as dit nie. Maar teen alle verwagtinge in ontvang hy hom as sy seun met oop arms. Trouens, die pa het teen die kultuur van daardie tyd uitgehardloop om sy seun terug te ontvang, want hy was dood en het weer lewendig geword. Hy was verlore en is gevind.

Christen, beleef jy ook vanaand weer die troos daarvan om eiendom van Jesus Christus te wees? Besef jy opnuut dat jy geen aanspraak op die barmhartigheid van die Here gehad het nie? Maar die Here het dit aan jou bewys. En hoe bewys Hy nie sy barmhartigheid nie! Hy roep nie maar net uit die verte en hoop jy gaan sy roepstem hoor nie. Die hoog verhewe ewige Seun van God – self almagtige en heilige God – het na hierdie moeras van ellende gekom waarin jy jou saam met alle ander mense gedompel het. Hy het die dood wat jy eintlik verdien het kom sterf – algehele verlatenheid van sy Vader – sodat God aan jou die lewe deur sy Gees kan skenk. Jy was dood en die Heilige Gees het jou vir God lewendig gemaak. Jy was verlore en Christus het jou kom soek en vind.

En vir die Here is dit nie genoeg om maar net mense te verlos nie. Hy belowe om hulle te bewaar sodat nie eers 'n haar van hulle kop kan val as dit nie die Vader se wil is nie. Christus betaal nie vir mense met sy bloed om hulle langs die pad weer te verloor nie. Hy het vir hulle betaal om hulle vir ewig by Hom en sy Vader te hê Daarom verseker sy Heilige Gees hulle ook van die ewige lewe.

Geliefdes, as ons nog nie met oorgawe dank aan die Here bring nie, dan besef ons nog nie hoeveel die verlossing deur Christus werd is nie. Mag die Heilige Gees elke ware gelowige nog meer gewillig en bereid maak om vir die Here te lewe.

Amen!

Slotgebed

Psalm 16:3, 4 (p. 61)

- 3 My erfdeel is op aarde skoon vir my; / die meetsnoer val in plekke lief en lustig.
Ek loof die HEER wat deur sy raad my lei; / selfs in die nag as alles sluimer rustig,
dan wek opnuut my niere die verlange / om God te dank in stille lofgesange.

4 In Yd'le vrees beklem my nou nie meer: / ek stel die HEER gedurig my voor oë.
My hart is bly, en juigend meld my eer: / "Sy regterhand sal nooit my val gedoë."
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is, / nog veilig woon, omdat die HEER naby is.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
2 Oktober 2016